ORANIA DORPNUUS

AMPTELIKE NUUSBRIEF VAN DIE ORANIA DORPSRAAD

OKTOBER 2010 - VOL49

ORANIA TOONBEELD VAN SELFSTANDIGHEID SÊ ZUMA

Tweede Staatshoof besoek ons gemeenskap

"Orania is vir ons almal 'n voorbeeld van 'n gemeenskap wat nie in die staat se oë bly kyk vir aalmoese nie, maar self in sy behoeftes voorsien." Dit was die slotsom waartoe die president van die land, Jacob Zuma, gekom het tydens sy welwillendheidsbesoek aan ons gemeenskap op 14 September.

Zuma is reeds die tweede staatshoof wat by ons gemeenskap aandoen. In 1995 het oudpresident Nelson Mandela ook so gemaak toe hy 'n welwillendheidsbesoek aan mevrou Betsie Verwoerd, weduwee van dr HF Verwoerd, gebring het.

Pres Zuma het 'n tydjie in sy besige skedule gevind om 'n welwillendheidsbesoek aan prof Carel Boshoff, een van die grondleggers van die Orania-gedagte, te bring. Die geleentheid is toe ook benut om dr Chris Jooste, ook een van die grondleggers, aan Zuma voor te stel. Die drie patriarge het met Zuma se aankoms vir 'n tydjie alleen in 'n vertrek vergader.

Die president is verseker dat Orania gereed is om die gemeenskappe rondom van hulp te wees met al die kundigheid waaroor hy beskik. Hy is ook ingelig dat Orania tans onder groot druk verkeer om voldoende huisvesting aan minderbevoorregte Afrikaners te verskaf. As belastingbetalers aan die staat kan dus aanspraak gemaak word op hulp om die broodnodige huisvesting te verskaf. Prof Carel het ook versoek dat Orania se status as 'n selfstandige gemeenskap bevestig moet word. Zuma het op sy beurt beklemtoon dat Orania steeds 'n waardevolle deel van die groter Suid-Afrika bly.

President Jacob Zuma in gesprek met Carel (iv) Boshof (voorsitter van die Direksie) en prof Carel Boshoff (grondlegger van Orania).

Op sy besoek van sowat twee uur is Zuma na die Elim Arbeidsentrum geneem, is hy die deurgangshuisprojek gewys en wat reeds vermag is op landbouterrein. Met sy aankoms in 'n Oryx helikopter het 'n aantal leerlinge van Volkskool hom met vrolike oranje hempies ingewag.

ORANIA DEEL VAN DIE OPOSSING OM DIE AFRIKANER WEER 'N KRAG TE MAAK, Sê PROF FLIP SMIT

"Met steeds dalende getalle en verspreide belange staan die Afrikaner voor die gevaar om in die vergetelheid te verdwyn. Die Orania-inisiatief bied die geleentheid om daardie gevaartekens om te keer," sê prof Flip Smit , eertydse rektor van die Universiteit van Pretoria tydens die 35e Verwoerdgedenklesing wat op 10 September op Orania aangebied is.

Prof Carel Boshoff (links) in gesprek met prof Flip Smit, gasspreker by die 35e Verwoerdgedenklesing.

Prof Smit, wat hom tans met die demografie besig hou, het statisties aangetoon hoe swart bevolkingsgetalle steeds styg en dat die bruin bevolking vir alle praktiese doeleindes ook nou meer as die blankes is. Dit is veral ten opsigte van leerlinggetalle en ouderdom dat die gevaarligte vir die Afrikaner begin flikker.

"Orania, met sy keuse van vestigingsgebied, sy arbeidsbeleid, sy strewe na onafhanklikheid en die skep van eie selfstandige samelewingstrukture, bied die geleentheid aan die Afrikaner om weer te konsolideer en sy bewese kundigheid tot groei aan te wend," sê prof Smit.

Prof Carel Boshoff, 'n jarelange vriend en kollega van prof Smit, het die bekendstelling waargeneem.

DIT IS WEER LENTE...

ORANIA DORPNUUS
AMPTELIKE NUUSBFIEF VAN DIE ORANIA DORPSRAAD
OKTOBER 2010 - VOL49



UIT DIE VOORSITTER-STOEL

ORANIA DIE STAD

Pas nadat Oraniërs verneem het dat 'n aansienlike som geld geskenk is vir die verligting van woningnood aan die armes, het die weldoener self hier opgedaag, Marcel Dierckx uit Bergen op Zoom in Nederland.

Marcel, 'n boorling van Laakdal in Vlaandere, het in 2008 op 'n televisieprogram kennis gemaak met Orania.

"Ek was beïndruk met Orania se sterk standpunt oor die handhawing van sy taal, kultuur en christelike leefwyse, dat ek daar en dan besluit het om meer van Orania te wete te kom," sê Marcel.

Hy het 'n boek gekoop, *Het echte Zuid Africa*, maar niks is oor Orania gesê nie. Toe maar die volgende stap: kry vir prof Carel Boshoff in die hande. Na 'n lang soektog is die regte adres in die hande gekry en het Prof sy brief ontvang.

'n Korrespondensie het ontstaan, wat uiteindelik uitgeloop het op Marcel se besluit om Orania

ORANIA DORPNUUS

Eindredakteur	Frans de Klerk
Redakteur	Francois de Vos
Tegniese hulp	Marianne Gerber
Adres	Posbus 115 ORANIA, 8752
Telefoon/Faks	053 207 0063/64
Vonkpos	dorpskantoor@oranet.co.za

ORANIA NOODNOMMERS

Gedurende kantoorure	053 207 0063/64
Veiligheid	083 225 8199
Riool	071 150 1108
Elektrisiteit	071 672 2284
Water	072 354 4232

GRONDGEBRUIKDOKUMENT KRY KOERS

Frans de Klerk, Uitvoerende Hoof van VAB (links) , en Louw van Biljon, Stadsbeplanner by 'n uitlegkaart van Orania.

'n Grondgebruikskema vir Orania, een van die belangrikste dokumente in die gemeenskap se 19-jarige geskiedenis, het op 28 September verdere beslag gekry toe die Dorpsraad se Stad- en Streekbeplanner, Louw van Biljon, sy eerste konsepdokument aan die Direksie voorgelê het.

Louw is reeds bekend aan ons want die belangrike Geïntegreerde Ontwikkelingsplan vir Orania wat hy opgestel het, is twee jaar gelede deur die aandeelhouers aanvaar.

Die opdrag wat van die Direksie uitgegaan het, was dat 'n dokument opgestel word wat vestiging op Orania bereël. Dit behels die sonering van woongebiede, o.a. hoëdigtheidsgebiede, aftree-oorde, gasheerbedrywe, nywerheidsgebiede, sakepersele, hospitale, skole, ontspanningsruimtes, bewaringsgebiede, 'n begrafplaas en ruimtes vir administratiewe doeleindes. Dit sal die Direksie in staat stel om behoorlik te beplan ten opsigte van grootmaatelektrisiteit- en watervoorsiening, die aanlê van paaie en die toekomstige uitlê van erwe.

Die Direksie het reeds die bal aan die rol gesit om Orania uit die lug te fotografeer, sodat ons siviele en elektriese konsultante op meer akkurate gegewens kan werk.

Die sonering van Orania gaan ook 'n impak op ons inwoners hê en vir daardie doel het 'n aantal inwoners onlangs met Louw vergader. Die saak van tuisnywerhede moet byvoorbeeld duidelik omskryf word. Vir daardie doel is die konsepdokument vir grondgebruik en 'n gepaardgaande kaart tussen 4 en 31 Oktober by die dorpskantoor ter insae beskikbaar. Die insette van ons inwoners en ander belanghebbendes is baie belangrik.

GROTIUS AANGESTEL BY DORPSRAAD

Tydens die pas afgelope Direksievergadering is die belangrike besluit geneem om 'n voltydse amptenaar aan te stel vir die verwydering en herwinning van huishoudelike en ander afval.

Mnr Herman Grotius, tans die kontrakteur om afval te hanteer, het die aanstelling van 1 Oktober af aanvaar. Die twee personeellede wat in sy diens was, word ook by die Raad aangestel. Mnr Grotius sal ook verantwoordelikheid neem vir die instandhouding van die Raad se voertuie.

Mnr Grotius het reeds as 'n direksielid van VAB bedank om diens te aanvaar. Hy het groot planne met die herwinning van afval op Orania en mik daarna om die minimum daarvan verlore te laat gaan. Die hoogoond wat reeds by die herwinningsbank opgerig is, kan ook dien as basis om metale en ander materiaal te smelt, sê mnr Grotius..



Mnr Herman Grotius

ORANIA DORPNUUS
AMPTELIKE NUUSBFIEF VAN DIE ORANIA DORPSRAAD
OKTOBER 2010 - VOL49

OEWERHOTEL OPEN LUISTERRYK

Op Vrydag 24 September was dit net pret en plesier by die Oewerpark toe Orania se eerste hotel, die Orania Oewerhotel, amptelik ingewy is.

Anna Maria Laas en haar span het behoorlik uitgehang met heerlike verversings en sang en musiek deur ons eie kunstenaars. Carel (iv) Boshoff het "amptelik" sy "burgemeestersketting" ontvang, terwyl die lint na die ingang deur prof Carel Boshoff geknip is.

Die hotel beskik oor 12 kamers, waarvan 4 gesinskamers is. Die hotel is uniek in dié sin dat elke kamer 'n eienaar het en dat die eienaar die kamer na smaak meubileer en inrig. Die besonder luukse kamers beskik oor al die geriewe, insluitend DSTV. Ontbyt word by die oewerrestaurant genuttig.

Die geriewe by die oewerpark val nou onder een bedryfsmaatskappy en beskik oor 'n volledige personeel om sake te bestuur.

Orania Skolenuus

VOLKSKOOL OORSPRONKLIK MET NUUSBRIEF

*Redaksielede van **Houtoog**: v.l.n.r. Corianca Oosthuizen, Wayne Wilson, Ruaan van Dyk Johan Joubert, Joost Strydom. Voor mev Esna Schumann en Roedolph Schumann.*

Oraniërs het seker al gewonder wat daardie elektroniese bord met die rooi letters by Volkskool Orania se hoofingang beteken. Dit is veral in die aand dat die letters sommer duidelik vertoon.

Dit is natuurlik Volkskool se nuwe idee om *Houtoog*, die skoolkoerantjie te publiseer. Nou is dit vinnig en maklik, met die jongste nuus sommer gou beskikbaar.

Houtoog se redaksie sê inwoners kan ook sommer algemene inligting bring om te publiseer. Dit kan boodskappe van gelukwense en groeteboodskappe ook wees.

QUINTEN BLOM VIR CVO

Quinten Senekal met rugbytruie waarin hy gespeel het.

As jy so 'n fris mannetjie met amperse blomkoolore op Orania gewaar, kan jy maar seker wees dit is die 17-jarige Quinten Senekal van CVO-Skool Orania wat eersdaags na Bloubulland vertrek om met 'n rugbyloopbaan te begin.

Quinten, 'n matriekleerling, het hom reeds onderskei deur vir die hoogste rugbyspanne in CVO-geledere uit te draf. Dit het hom gesog gemaak onder agente wat jong rugbytalent werf vir die groot rugbybonde. So het die rugbybonde van die Blou Bulle van Noord-Transvaal en die Haaie van Natal reeds aanbiedinge gemaak. Quinten het uiteindelik op Bloubulland besluit en sluit hom volgende jaar by die Tswane Universiteit van Tegnologie aan om onder andere Sportkunde te bestudeer.

Quinten het as loskopstut vir 'n NAVSFED-span uitgedraf wat in 2009 na Frankryk toe getoer het. Hy het ook die groen trui van 'n nasionale Bokkieweekspan oor sy fris skouers getrek en natuurlik ook vir drie jaar die Noordwes-rugbyspan in die BCVO nasionale kompetisie verteenwoordig.

ORDEBEHEER OP ORANIA

Ons almal wil graag hê dat Orania 'n ordelike en wetsgehoorsame dorp moet wees. In dié rubriek gaan ons maandeliks gedeeltes van ons Grondwet en reëls en regulasies opneem en bespreek. Die volledige stel reëls en regulasies is by die dorpskantoor beskikbaar.

Oor goeie **buurmanskap**: *Reël 23.3: Eienaars/inwoners moet goeie BUURMANSKAP handhaaf en sorg dat hulle geen steurnis, oorlas of ongerief vir mede-inwoners veroorsaak nie deur optredes soos bv. harde radio- of TV-volumes en/of musiek , die lawaai met masjinerie, of ander toerusting.*

Redaksioneel

VIR DIE OPLETTENDE

Ek merk deesdae vir die eerste keer 'n nuwe gevleuelde besoeker in my tuin op. Dit is 'n wit spreeu met 'n swart stert en swart vlerkpunte. Volgens Roberts se Birds of Sout Africa (1963) is dit 'n sprinkaanvoël (Wattled Starling), oftewel die Creatophera cinerea, nr. 735).

Die sprinkaanvoël kom deur Afrika voor en beweeg "rusteloos" in klein swermpies deur 'n streek. Dit verdwyn vir jare en kom dan weer voor as daar genoegsame sprinkane en ander insekte is. Ek het vier opgemerk.

Die bruin Europese spreeu kom natuurlik volop hier voor en is glo nie geneig om kwaad te doen nie. Die swart spreeu, die Indiese spreeu, is natuurlik 'n vabond, want dit verjaag alle ander voëls uit jou tuin. Dit maak 'n liederlike nes van omtrent enige ding wat hy kan bymekaar maak. Die "Myna", soos hy bekend staan, moet nie die geleentheid kry om in ons tuine te vestig nie.

ONS VERSKUIF!

Die 18e Oktober gaan 'n rooiletterdag vir die Orania Dorpsraad en ons gemeenskap wees, want dan begin die groot trek na ons nuwe kantoorkompleks by die ou hospitaalgebou.

Dit gaan 'n behoorlike trek wees want byna 20 jaar se dokumente en argiefstof moet saamgaan. Die groot voordeel van die verskuiwing is die groter ruimte wat die hospitaalkompleks bied. Die ontvangslokaal is ruim en meer toeganklik, terwyl die kantoorruimtes 'n holte vir elkeen se voet beteken.

Die poskantoor bly vir die oomblik nog in die bestaande gebou, terwyl die res daarvan moontlik vir inburgerings- en inligtingsdoeleindes aangewend sal word. Die volgende uitdaging wat wag, is om die tegniese personeel gerieflik in te rig in die huidige tegniese sentrum.

"Met Orania se snelle uitbreiding kom die nuwe kompleks net betyds," sê ons Uitvoerende Hoof, Frans de Klerk. "Nou kan ons die gemeenskap beter bedien en met trots elke besoeker ontvang."

ORANIA JEUGBEWEGING OP DREEF

Hierdie vier vrolike jongmense het ook die Jeugberaad bygewoon. Van links is Charl Oberholzer, Nikke Strydom, Liza-Mari Coetzee en Bernard Buys

Jongmense uit alle omstreke van Suid-Afrika het tydens die naweek van 24-25 September op Orania saamgetrek om 'n jeugbeweging vir Orania in die lewe te roep.

"Ons het 'n jeugbeweging vir Orania nodig om landswyd reklame te maak vir loopbaanmoontlikhede hier in ons mooi dorp," sê Jaco Kleynhans, pas aangestel om die leisels by die huidige Uitvoerende Hoof van die Orania Beweging, Frans de Klerk, oor te neem. "Orania se toekoms lê in sy jeug en ons moet nou al seker maak dat ons van die kundigstes onder hulle nadertrek om 'n loopbaan hier te begin".

Die jongmense is toegespreek deur onder andere prof Carel Boshoff, Carel (iv) Boshoff, Frans de Klerk en Ebert Terblanche. Die jongklomp het ook die geleentheid gekry om vrae te vrae en in besprekingsgroepe sake te bespreek wat moontlik kan verhinder dat hulle op Orania vestig.

Die jongklomp het by die skilderagtige Oewerpark tuisgegaan en is getrakteer op vlotvaarte en ander vermaak.

PROF CAREL SE BOEKEHUIS VORDER

Prof Carel by sy boekehuis. Een van die dae trek hy in!

Wat 'n lekker naam: Boekehuis. Dit is die huis wat prof Carel Boshoff tans in Jaspisstraat teenaan sy bestaande woning oprig om sy formidabele versameling boeke te huisves én sommer daar te woon ook!

"Ek sien baie daarna uit om eersdaags so om my te kyk en die rakke vol boeke te sien wat soveel jare saam met my gekom het – my vertroude vriende." sê prof Carel.

WAT GEBEUR IN OKTOBER

1 – 2 Oktober	Wetenskap- en Kunstefees
2 Oktober	Skouveiling
9 Oktober	Inburgering (Deel 1)
10 Oktober	Heldedag
16 Oktober	Inburgering (Deel 2)
22 Oktober	Direksie
29 Oktober	Direksie
Vrydae	Aandmark
Maandag en Woensdag	Pluimbal
Woensdag en Saterdag	Jukskei
Tennis	Soos gereël

SWEMTYDE!

Swembadtye

Maandag tot Saterdag:	10:00 – 19:00
Sondag:	14:00 – 19:00
Donderdag 16 Des.	14:00 – 19:00

Orania se dorpswembad blink in die son.
Dit bied 'n heerlike lafenis teen die somerhitte.

Uitleg en drukwerk, SwiftPrint, **Kimberley** 053 839 2900